Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

3 MEI 2020

# GEMEENTEBULLETIN


STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za


### DAGSTUKKE VIR ELKE DAG VAN INPERKING

Tydens die landwye inperking sal leraars daagliks 'n geestelike dagstuk op die tuisblad www.stellenberg.co.za onder "Gedagtes vir elke dag" plaas, of lees dit op die gemeente se Facebookblad, waarop dit ook daagliks verskyn.

## UITSENDINGS VAN PREKE OP 3 MEI

**Gekombineerde Oggend-en-Gesinsdiens**

I Petrus 2:18-25 | WWJD | Ds. René Potgieter

**Meditatiewe diens**

Kolossense 3: 15-16 | Vergenoegtheid | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-aanddiens**

Handelinge 17:22-26 | Open to rise with new breath | Ds. Hanno Ackerman

**KYK na preke:** Al drie die eredienste se opnames is Sondagoggende vanaf 06:00 op ons www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**LEES die preke:** Die oggend-en-gesinsdiens se geskrewe teks is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**LUISTER na die preke:** Klankopnames van preke is op die webwerf.

## KUIER SAAM IN 'N VIRTUELE MARKPLEIN

Dit was altyd wonderlik om Sondae nader aan God, maar ook nader aan mekaar te groei. Na eredienste kon lidmate in ons markplein en teetuin saamkuier. In die lig van die grendeltyd wil ons saam met ons aanlyn dienste 'n virtuele markplein (gespreksgroep) skep. Dit werk soos volg: Indien jou foon of rekenaar internettoegang bied, kan jy via 'n skakel wat jy per e-pos sal ontvang, op die byeenkoms inteken. Eerskomende Sondag om 16:00-16:40 lei René Potgieter (rene@stellenberg.co.za) en Philipp Dietmann (pdietmann@gmail.com) die twee gespreksgroepe. Stuur jou naam, van en e-posadres vir een van hulle en hulle sal die skakel na die gespreksgroep per e-pos vir jou stuur. Om 16:00 kan jy op die skakel kliek en jy sal tot die gespreksgroep toegelaat word.

## NUUS PER E-POS, OF OP JOU SELFOON

Sluit gerus by ons e-posverspreidingslys, of die gemeente se WhatsApp-groep aan.

- As jou naam op die e-posverspreidingslys is, sal jy elke Vrydag die skakel na die oggenddiens se preek, die geskrewe preek, asook die bulletin per e-pos ontvang. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za om aan te sluit.
- Lede van die WhatsApp-groep ontvang Vrydae die skakel na die oggenddiens se preek, asook die bulletin op hulle selfone. Stuur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720.

## BYBELSKOOL

**Die aartsvaderverhale. Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?** Die aartsvaderverhale in Genesis12-50 vertel hoe God se nabyheid mense in die antieke tyd en hulle leefwêreld geraak het. Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach.

Daar is reeds vier Bybelskoolsessies asook handleidings op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## ANNIBRAND-GROEPE EN KLEUTERS

Die Annibrand Junior- en Seniorgroepe, met aanpassings in die aanbiedingstyl, is weer volstoom aan die gang.

**Kleuters**

Besoek die Annibrand Junior-bladsy op ons webwerf vir Bybelstories in videoformaat. Gaan kyk na Saggeus, asook Josef se stories.

**Annibrand Junior**

Ons vra ouers se hulp om as kategete in te tree en die kort les van 15 minute met hul kinders deur te werk. Lesmateriaal en volledige inligting is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

**Annibrand Senior**

Seniors kom via gespreksplatforms as groepe byeen. Besoek die Relevant-afdeling op ons webwerf vir volledige besonderhede.

### EDELWEISS

Dr. Theo Swart stuur weekliks twee dagstukkies d.m.v. stemboodskappe per WhatsApp aan inwoners, asook die klankopname van sy weeklikse preek by Parowvallei-Oos-gemeente op Sondae. Indien jy graag by dr. Theo Swart se WhatsApp-verspeidingslys wil aansluit om die stemboodskappe en die preek te ontvang (dit neem min data), stuur 'n Whatsapp-boodskap aan hom by 083 457 1647.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by 082 854 4530.

## SO HELP ONS MET KOS

Met behulp van ons medewerkers in Khayelitsha, asook Uitsig naby Ravensmead, is 66 gesinne wat nog nie voedselhulp ontvang het nie, of wat buitelanders is en nie vir regeringshulp kwalifiseer nie, geïdentifiseer. Ons lewer Dinsdae by elkeen 'n kospakkie ter waarde van R150, bevrore sop wat deur ons sopkokers voorberei word, asook twee brode, af. Dankie ook aan ons ywerige kospakkers wat die kospakkies help verpak. Intussen voorsien ons ook weekliks 80 liter sop aan haweloses in Bellville, wat in samewerking met MES versprei word. Dié sop vir haweloses word deur die Shiloh-kombuis gekook en afgelewer.

Lidmate wat die kosprojekte finansieel wil ondersteun, kan bydraes inbetaal in: ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## EK WIL HULP AANBIED

Indien jy by die kosprojekte waarby die gemeente betrokke is wil hulp verleen, of 'n lidmaat wil ondersteun, kontak asb. vir ds. Why Duvenhage by 082 570 5931/why@stellenberg.co.za. Lidmate wat graag van die projekte finansieel wil ondersteun, kan 'n elektroniese oorbetaling maak na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## FEESMARKAANSOEKE

Met die oog op die landwye inperking is die sluitingsdatum vir aansoeke na Vrydag 15 Mei verskuif. Ons het begrip vir die feit dat die inperkingsmaatreëls dit vir voornemende uitstallers moeilik maak om voorbeelde van hulle produkte te voorsien. Indien jy sulke probleme ondervind, kontak ons asb. by feesmark@stellenberg.co.za.

### LERAARS KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg.co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@stellenberg.co.za

Rudolph van Schoor
Stellenberg
Ondersteuningsentrum
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## VIRTUELE STRAATKUIERS

In die volgende paar weke gaan die predikante aanlyn geleenthede skep waar mense wat geografies naby mekaar woon, saam kan kuier, soos ons voorheen met wyksbyeenkomste gedoen het. Die predikant wat aan jou straat of omgewing toegesê is, sal 'n saamkuier van 40 min vir die geografiese area waarin jy woon, skeduleer en dit aan jou stuur. Indien jy by die kuier wil inskakel, kan jy net op die e-pos antwoord. Ons hoop om mense op die wyse by mekaar uit te bring, sodat ons op hoogte van mekaar se behoeftes kan bly en mekaar sodoende kan help en ondersteun.

## TELEFOONBEDIENING

Leraars het 'n telefoonbediening, veral met die oog op die bediening van senior lidmate, ingestel. Neem asseblief die vrymoedigheid om leraars telefonies te skakel om behoeftes, of nood aan te meld.

## FINANSIËLE BYDRAES

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.* (2 Kor. 9:7) Ons is dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werk ondersteun. Bydraes kan soos volg gegee word:

- **Debietorder:** Laai die aansoekvorm van die webwerf af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.

PINKSTER 2020

24 tot 31 Mei

Pinksterdienste sal in dieselfde formaat as die huidige eredienste aangebied word, aangesien eredienste teen die einde van Meimaand steeds nie in die kerkgebou toegelaat sal word nie.

Lidmate sal vanaf 24 tot 31 Mei geleentheid hê om daagliks na die Pinksterdienste op ons webwerf te kyk, of daarna te luister, of die geskrewe preek te lees.

Die Pinksterreeks word deur ds. Marius Breytenbach aangebied.

Tema: Ek glo . . .